*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 14 September 2025**

**God se geskenk van rus...**

*"God was op die sewende dag klaar met sy werk wat Hy gedoen het; en Hy het op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gedoen het. God het die sewende dag geseën; Hy het dit heilig verklaar, want op dié dag het Hy gerus van al sy werk – dit wat God geskep het deur dit te maak."*
(Genesis 2:2-3)

Lewe voel soms soos 'n eindelose gejaag. Ons leef in 'n kultuur wat besigwees hoog op prys stel. Produktiwiteit is die maat waarmee ons waarde gemeet word. Ons smag na rus, en tog misluk ons daarin om ruimte te maak vir dit in ons lewe. In plaas daarvan, druk ons onsself tot op die punt van uitbranding, soms tot op die punt waar rus nie meer 'n keuse is nie, maar 'n mediese noodsaaklikheid. Anders as die res van die skepping wat die ritme van werk en rus wat deur God ingestel is volg, staan ons dikwels hierdie balans teë en bind ons waarde aan produktiwiteit, terwyl ons vrees dat as ons nie konstant besig is nie, ons bestaan sy sin verloor. In op hierdie manier is ons maar net soos Kain, die rustelose swerwer, of die hardkoppige Israeliete wat manna opgetel het op die Sabbat ten spyte van God se opdrag. In plaas van om afhanklik te leef van God, probeer ons keer op keer ons waarde bewys deur onafhanklikheid en produktiwiteit.

Augustinus het hierdie werklikheid vasgevang toe hy gebid het: *"God Almighty, you have made us for yourself, and our hearts are restless till they find their rest in You."*

Die moderne wereld bied verskeie geleenthede vir ons om ons verlange na rus te bevredig. Maar dit bied gewoonlik 'n oppervlakkige soort rus aan. In vandag se wêreld neem ons 'n breek of gaan op vakansie om bietjie van die gejaag weg te kom. Alhoewel dit tydelike verligting bring, misluk dit gewoonlik om hierdie dieper rusteloosheid wat in ons is, te bevredig. Dit skiet tekort van God transformerende siel verkwikkende rus wat God skenk.

Die sewende dag was die eerste ervaring wat Adam en Eva gehad het, wat op die sesde dag geskape is. Hul eerste ervaring was nie werk nie, maar rus. Hulle het op die sewende dag wakker geword en in 'n wereld in gestap wat alreeds voltooi was en wat oorloop van God se goedheid. Die inleiding tot die lewe wat hul gehad het, was nie gekenmerk deur swoeg en sweet nie, maar met die vreugde van rus in God se voorsienigheid. Rus wat ons waarde in God se oë bevestig, selfs sonder dat ons produktief verkeer. Rus is 'n gawe wat God ons skenk, om God se vrede te betree en die ewige rus wat vir gelowiges wag, nou reeds te ervaar…

**Ds. Janke Hurter.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal, deur ds. Johan Marais. Welkom ook aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

**Liturgie: Sondag, 14 September 2025**

| | |
|---|---|
| **Kloklui …** | |
| **Verwelkoming** | |
| **Aansteek van wydingskers** | |
| **Wydingslied:** | God is hier teenwoordig – Lied 159: 1, 2 en 3. |
| **Votum & Seëngroet** | |
| **Loflied:** | Lofsing die Here – Lied 184:1, 2, 3 en 4. |
| **Verootmoediging** | |
| **Vryspraak** | |
| **Danklied:** | Enigste Here, enkele Wese – Lied 265:1 en 2. |
| **Epiklesegebed** | |
| **Skriflesing:** | Genesis 2:1-3 |
| **Boodskap** | |
| **Dankgebed** | |
| **Dankoffers** | |
| **Geloofsbelydenis:** | Nicea |
| **Slotlied:** | Neem my lewe, laat dit Heer – Lied 308:1, 2 en 3. |
| **Seënbede & Amen** | |
| **Orrelnaspel...** | |

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog ‘n oomblik van nadenke te geniet.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 14 Sept | 15:30 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Teol.std. Jacques van Wyk: Psalm 51 (proef-erediens) |
| Sondag, 21 Sept | 09:30 – Ds. Jan Lubbe: *Psalm 104 – Loflied aan die Skepper!* (Lente-lofprysing en gesamentlike diens)<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – ORRELKONSERT: “Four Horsemen of the Apocalypse”. |

Ons gelukwense vanoggend ook aan Christof en Soveij van der Schyff, met die doop van hul dogtertjie Luvé – mag die Here jul as gesin en familiekring steeds seën.

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

14 Sept. Ziané Cloete, Karla Loots en Hannah Smith.
15 Sept. Frans Bothma, Jaco Jordaan en Chrissie Potgieter.
16 Sept. Hannelize du Toit, Hanna Lubbe, Anna-Marie Neser, Rilani Pretorius en Willem Pretorius.
17 Sept. Anika Cronjé en Lynette Mulder.
18 Sept. Carli Klindt, Riana Nel en Phil van Rooyen.
19 Sept. Larissa Snygans en Fanie van Jaarsveld.
20 Sept. Ludwig de Jager.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Herculina van Wyk (Bewarea 58, wyk 8c); Tannie Hester Kotzé (Noorderbloem, wyk 17); Alfreda Schutte (Sewe Damme 133, wyk 8b); Corrie Strydom (Woodland Hights, wyk 12b); Hanna-Mari Hoffman (Winterstr. 21, wyk 6a); Oom Jan van Rooyen (Serenitas 69, wyk 15a); Oom Charl Marais (Kiepersoloord 12, wyk 16); Oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 08b); Oom Fanie van Jaarsveld (Serenitas 111, wyk 15); Oom Kowie Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b); Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a); Jan Erasmus (Aliquando, wyk 11) en die suster van Tannie Winnie Barnard – ons dink aan almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

### BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Daar is nie hierdie week byeenkomste van ons Bybelstudiegroepe nie, aangesien alle lokale vir die Kermis voorberei word. Ons hervat weer op 25 September.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Wyke 17** (Noorderbloem) en **18** (Heliconhoogte, Pentagonpark, Santé) sorg in September vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter sorg. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

### EREDIENSBEDIENING

**Orrelkonsert met Zorada Temmingh:** Op Sondagaand, 21 September om 18:00, bied Berg-en-Dal "The Four Horsemen of the Apocalypse" aan, 'n legendariese stilprent met 'n orrel-improvisasie deur die bekende Stellenbosse orrelis **Zorada Temmingh** aan. Kaartjies @ R 100 p/p, beskikbaar by die kerkkantoor of bespreek by 073 180 3193.

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 14 September: **Gemeentehulp.** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**




**Nog vyf dae tot 19 September 2025, … en ons kort JOU... en <u>Helpers @</u> ...**
Kerrie-en-Rys, Poeding en Pannekoek; ook beamptes by die Padwedloop...
En, by Potjiekos: Mans en vroue wat bereid is om 'n potjie te maak – al die potjies is dieselfde vanjaar en ons probeer elke uur van die middag 'n potjie gereed te hê – skakel Maartin 0797834060!

**<u>Dan, bestanddele vir</u>**…
**<u>Kerrie-en-Rys</u>**: Jaffelpanne x 5, 1 kg Borrie, 6L Asyn, 15.5 kg appelkooskonfyt (15 blikke van 900g), 2.1kg kerriepoeier, 2.5 kg sout…
**<u>Poeding</u>**: Vla, jellies, kondensmelk, gebakte poeding – soos in Jan Ellis!...
**<u>Soetgoed vir Kleingoed</u>**: Lekkers, skyfies, springmielies…
**<u>Gebak</u>**: Nog baie grootkoeke, terte benodig – bak, bak, bak asb, as jy 'n koek- of terthouer kort om ín te bak, kom kry by die kerkkantoor!
Ons probeer weer om 50 grootkoeke te kan verkoop – ASB!

**<u>SNUFFELTAFEL</u>:** Enige bruikbare, tweedehandse goed in 'n werkende toestand wat in jou pad staan tuis (stuur jou man ook – hy kan kom help!)...
**<u>Tuin- en plantetafel</u>:** Bring saailinge, steggies, bolle, enigiets groen en groeiend...

**<u>Voorafbestelling vir Middagetes</u>**……..
Kerrie & Rys, Jaffels, Worsbroodjies, Potjiekos, Pannekoek en Poeding kan vooraf by die Kerkkantoor bestel word, ook vir jou personeel en werksmense – sien die ingeslote vorm vanoggend. Bestellings af te haal vanaf **<u>13:00 op Vrydag, 19 September</u>**.

🌙 🏃 🏃 **<u>Padwedloop en Pretdraf om 18:00 (en tot jy klaar is)</u>** 🌙 🏃 🏃
Inskrywings by https://www.entryninja.com/events/82740-berg-en-daller
Ons kort nog 'n borg vir 'n waterpunt en skenkings vir pryse!

**<u>"Drone Drop"</u>**………..
Koop 'n kaartjie **@R50** [by die kerkkantoor] – jy's dalk die gelukkige wenner van R2000 se brandstof by Preller Motors, 'n Koedoe se vleis vir volgende winter, 'n 'Spa-voucher' van African Hot Stone Spa en verskeie ander lekker pryse.

**Naskrif: En as jy nie vooraf kan help of iets skenk nie – bring jouself dan Vrydagmiddag- en aand, en kom kuier saam!**

**[Laaste Kermiskomitee-vergadering/alle koördineerders: 15 September om 18:00]**